

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:18-19**

Sing- Ps. 116:1,2; Ps. 119:34; Ps. 68:10; Ps. 94:7

### **1 Johannes 2:18-29**

**1Jn 2:18** Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

**1Jn 2:19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

**1Jn 2:20** En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

**1Jn 2:21** Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

**1Jn 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

**1Jn 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

**1Jn 2:24** Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

**1Jn 2:25** En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, naamlik die ewige lewe.

**1Jn 2:26** Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1Jn 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

**1Jn 2:28** En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie.

**1Jn 2:29** As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

**Skriflesing:** 1 Johannes 2:18-29

Teks: **1 Johannes 2:18-19**

Sing- Ps. 116:1,2; Ps. 119:34; Ps. 68:10; Ps. 94:7

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- Dit is nie moeilik om mekaar daarop te wys dat die Kerk van die Here het 'n tyd moes ingaan wat nie maklik is nie. Ons het in hierdie land al groot veranderinge moes ondergaan. Hoe ons as Kerk met hierdie verandering te werk gaan, het baie te doen met wat hier voor ons staan. Die kerk beleef al hoe intenser geweldige oorgangstye. Dit is beslis vandag nie die gewildste ding om te sê ek is deel van wat dit bedoel om Gereformeerd te wees nie. Ons as kerk spesifiek hier waar ons onself bevind, begin al meer situasies beleef wat mens maklik baie negatief en pessimisties kan instel met wat besig is om te gebeur. Ons is eenvoudig nie gewild nie. Ons getalle word minder...die finansies krimp en krimp... Ons het eintlik baie moeite om te verstaan wat aan die gang is.

\*\*\*

Moet ons nie oorweeg soos met talle gemeentes wel die geval is dat ons noodhulp moet toepas. Kry meer gewilder vorme van kerk-wees aan die gang. Maak dinge mooier en makliker. Kry predikers wat mense lekker na kan luister en los tog hierdie stoere styfheid en laat daar meer lewe kom. Met lewe word dan bedoel dat ons ons jongmense baie beter moet

akkommodeer en dan volgens hierdie aanslag mekaar moet oortuig die ou gevestigde denke oor kerk-wees en die waardes van so 'n tipe kerk van 20-40 jaar gelede is verby. Verander julle style, julle kleredrag, julle manier van aanbidding, kom tog net by is wat baie mense vir ons sal wil sê....

\*\*\*

Tog kan ons dit ook duidelik aantoon dat hierdie “resep”, allerhande strategieë, aksieplanne/plan van optrede, kerke wat met visies en missies vorendag kom, beslis nie die kerk daarstel wat mense gedink het die werklike uitwerking sal wees as ons so ingrypend verander en kon aanpas nie. Daarom dat ons vandag nie met planne en veranderinge en aanpassinge en allerlei strategieë, resepte en visies en missies na ons kerk-wees moet kyk nie, maar op 'n heel ander, verantwoordbaar Bybelse manier wat nie maklik is nie, beslis nie gewild nie, maar baie belangrik vir ons moet wees.

\*\*\*

Die gryse apostel Johannes het ons voorgegaan deur te wys dinge wat gaan gebeur wat niemand kan verander of dink dit sal ons nie tref nie. Ons is weer met die teks van 2 Sondaar terug besig. Die antichriste wat ons veral vandag op wil fokus van wie daar gesê word- **hulle kom uit ons eie geledere maar eintlik is hulle nie van ons nie.**

Met hierdie tema wil ons dan graag na die volgende punte heenwys. 1. In watter mate moet hierdie teleurstellings ons verbaas. 2. Wat moet vir ons as kerk nog die belangrikste wees? 3. Wat is jou en my keuse?

**In watter mate moet hierdie dinge ons verbaas?!**

Om verbaas te wees oor hoe dinge in die kerk al moeiliker word, is eintlik nie reg nie. Die Woord van God is vol waarskuwings en profesieë oor waarheen dinge op pad is. Waarom dan nou so verbaas wees?! Maar net weer die groot lyne. Hier dink ons weer aan wat ons die vorige keer al kon aanraak, waar die Here Jesus Self die einde van die eeue aandui en daarop wys – Matt. 24:12: **12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.** Hierdie deel van Jesus se laaste prediking op aarde, ook genoem die Profetiese Rede het beslis 'n wyer verband. Ons beseft die dinge wat Jesus noem en wat al erger gaan deurwerk kom saamgevat op twee dinge neer- WETTELOOSHEID en LIEFDELOOSHEID. Die wetteloosheid is nie los van wat antichristelik staan nie. Baie antichriste wat aan die werk is. So sien die gryse apostel Johannes dit in hierdie eerste brief.

Hierdie wetteloosheid wat uit die geledere van die antichriste gestook word, dra gevolge wat die hele samelewing, 'n hele land, veral dan die ware Kerk wil aantas. Wet en orde en norme en waardes word vervang deur anargie en ontbinding en afbreek en vernietiging wat geen onbekende gesig in die land is nie. Ons moet Jesus se Profetiese afsluiting soos Markus 13:8 dit beskryf ook goed in gedagte hou. *Jesus sê 8 Want die een nasie sal teen die ander opstaan, en die een koninkryk teen die ander; en daar sal aardbewings wees op verskillende plekke, en daar sal hongersnood wees en beroeringe. Hierdie dinge is 'n begin van die smarte.*

As hier staan dat ons gaan baie beroeringe beleef dan is die Griekse woord- *ταραχή* tarache... wat direk daarop dui dat iets massaal gebeur en daar kom verdere gevolge daarvan, die roeringe uit die oorspronklike beroering is groot. Die woord hou verband met die dinge wat ons noem turbulensie, of nog weer 'n ander verklaring dat daar kom 'n totale versteuring en verandering in wat die orde bedoel is om te wees... Tog het Jesus bygevoeg, as hierdie dinge gebeur dan moet ons nie dink dit is nou die einde nie. Op geen manier moet oorhaastig allerhande gevolgtrekkings gemaak word nie. Dit is eintlik maar net die begin, die begin van die einde, iets van geboortepyn wat plaasvind. *Hierdie dinge is 'n begin van die smarte is wat Jesus gesê het.*

\*\*\*

Ons verbasing kan eintlik al minder word want hoe het die Here deur Paulus nie hierop gewys nie. Soos Johannes op sy oudag die dinge skrywe, so skrywe Paulus in van sy laaste briewe ook- dink maar aan 2 Tim 3:1-5 *1 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. 2 Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratens, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, 3 sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, 4 verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; 5 mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.*

Vir die Thessalonicense, wat heel waarskynlik Paulus se oudste briewe is, m.a.w. in sy eerste briewe, het hy geskrywe- 2 Thess.2:11-12 - *11 En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, 12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaer gehad het in die ongeregtigheid.* Ons kan sê Paulus het in van sy heel eerste briewe, maar tot op die einde, ook in sy heel laaste briewe, die Timotheus briewe,

dit bly verkondig, dat ons as Kerk het geen rede om deur hierdie dinge onkant gevang te word nie. Die beroeringe, die swaar tye, die leuens wat God selfs die krag gee dat mense dwalinge glo, dwalinge waarin mense hulleself wil oorlewer en omdat hulle die weg klaar ingegaan het, word hulle eintlik al verder die dwalinge meegesleur.

En nou besef ons seker van die kragtigste dwalinge in ons tyd is 'n totale mistasting in wat die Kerk van die Here in hierdie tye wat ons beleef veronderstel is om te wees. Die Kerk is nie daar ter wille van mense nie, ter wille van welsyn, opheffingswerk, tot voordeel van allerhande politieke partye en regerings inisiatiewe nie. Wie die Kerk as menslike instelling tot voordeel van land en staat wil aanwend het reeds begin oorgee aan die krag van 'n dwaling wat die mens gestuur is om sulke dwalings, sulke leuens wat aanmekaar oor ons kerk-wees uitgespreek word. Mense glo al meer wat koerante en die politiek oor die kerk sê as wat daar na die Woord van God en vanuit ons belydenis oor die ware Kerk gesê word.

\*\*\*

Ons as Kerk moet ons nie laat meesleur nie. Trouens die skrywer van die Hebreër-boek, wat ons aanvaar nie Paulus is nie, wie weet ons nie, hoe het hy/sy eintlik 5 prominente waarskuwings aan die Kerk gerig dat ons voorbereid kan wees op wat op ons wag. Hebreërs 2:1- *1 Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie...* Die tweede waarskuwing kom uit Hebreërs 3:7 – 4:13... Die gevaar van om aan God ongehoorsaam te wees. Luister maar net na die inleidende oproep... *7 Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor, 8 verhard julle harte nie...* Vanaf Hebreërs 5:1- 6:20 word die Kerk teen onvolwassenheid gewaarsku. Hier gaan dit daaroor ons moet nie stagneer nie, daar moet progressie wees, 'n gesonde geestelike ontwaking... ontwikkeling en groei maar aan die hand van Godgegewe beginsels. Hier kan ons Hebreërs 5:13-14 uithaal- *13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. 14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.*

Die vierde waarskuwing in Hebreërs sentreer rondom hfst. 10- die gevaar van moedswilligheid, om volhardend eiewillig te sonde, iets van 'n hardkoppigheid wat die mens met hom saamdra... Luister in hierdie konteks maar net na Hebreërs 10:23-27- *23 Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou; 24 en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; 25 en laat*

*ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, 27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.* Die laaste en vyfde prominente waarskuwing vir die Kerk van alle eeue, net uit die Hebreër-brief is die gevaar van onverskilligheid... Hebreërs 12:25-29: Ons kan maar net vers 25 aanhaal- **25** *Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek.*

Ons besef onder hierdie eerste punt daar is vir die Kerk geen rede om te sê ons is onverhoeds gevang deur wat oor ons kom nie. Niemand kan sê ek is nie genoeg gewaarsku nie... Trouens ons moet reg ingestel wees en weet daar kan nog baie swaarder dinge aan die kom wees.

Daarom ons tweede punt vandag-

**Wat moet vir ons as Kerk nog die belangrikste wees?**

Ons het dit al oor en oor beklemtoon hoe die gryse apostel Johannes in hierdie eerste brief vir die ware Kerk wys daar is vir ons nog genoeg rede om bly te wees. So het sy brief begin – 1 Joh. 1:4- *sodat julle blydschap volkome kan wees.* Dan onthou ons ook die sentrale vers dwarsdeur hierdie eerste brief, wat ons as wedergeborenes, deur God wedergebore, dat ons uit God kan wees, ons moet weet dit wat 1 Joh. 5:19 laat uitstaan- geld ook hier: **19** *Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.*

Ons het al in ten minste in 8 preke, hierdie is al die 8ste preek uit hierdie brief, het ons gehoor dat as God my in sy wêreld inbring, ek word deel van God se Koninkryk, daar waarlik in God se lig, in die heiligheid van God baie ernstig selfondersoek plaasvind. Ek laat nie toe dat ek deel van 'n probleem, deel van 'n verwaarlosing, deel van 'n agteruitgang in die kerk is nie. Ek wil deel van God se oplossing, deel van God se genade vir sy Kerk wees. Ek kan leef uit die genade van God. God skenk ons vergiffenis, God gee ons weer 'n kans- dit is hoe ons 1 Joh. 1:8 – 2:17 in van ons eie woorde mag opsom. Per definisie het ons mos met die God wat ons sy liefde openbaar, die God wat in sy heiligheid sy liefde aan sy kinders verklaar en sê – God laat in sy lig sy volle liefde oor ons kom. Daar is niemand wat sal kan sê ek het al van God se liefde, die grootste liefde wat daar kan wees, geen niks van gehoor of dit ontvang nie. Wie dit beweer is eintlik daarop uit om God tot leuenaar te wil maak.

Pretoria- 3 Mei 2015

Maar nou besef ons, dit moet ons elke keer raaksien, amper in dieselfde asem waar daar groot dinge oor God se liefde geskryf staan, hoe die liefde ons oordek, word dadelik die naam van die Antichris en hoe baie antichriste daar sal wees, duidelik na ons oorgebring Dit natuurlik met die inbranding van die besef dat die wêreld die mag van die Bose het, die wêreld lê in die mag van die Bose.

\*\*\*

As ons in hierdie verband praat van wat vir die Kerk nog die belangrikste moet wees, dan moet dit nie vir ons gaan om groot getalle na te jaag, om in die wêreld groot indruk te wil maak, te dink die Kerk het die antwoord vir al die moeilikhede wat die wêreld en ons as Kerk gaan tref nie. Ons het verlede Sondag by Job moes erken, ons God gee nie oplossings nie, Hy gee wel verlossing. Die belangrikste vir ons moet wees, die egtheid en die suiwerheid van ons geloof wat met hierdie verlossing, meer nog wat met ons Verlosser, Jesus Christus moet saamhang. 'n Suiwere belydenis rondom Jesus Christus uitgespreek, om aan hierdie suiwerheid vas te hou is baie meer werd as die grootste gebou of die vetste beleggings wat 'n kerk dink om aan vas te hou. Suiwerheid in die leer, opregtheid in die lewe, alles aan Christus oorgelewer, dit maak die kerk nog waarlik Kerk. Dit moet vir ons die belangrikste wees.

Bekommernis oor ons voortbestaan, ja moet nie daarmee koorsagtig vasval en dink as ons ten gronde gaan, dit sal met die kerk ook verby wees nie. So baie moet ons beslis nie van onself dink nie, nee die bestaan en voortbestaan van die kerk het nog nooit begin of geëindig by mense en hulle planne en strategieë en maatreëls of idees nie. Dit is die Here wat sy kerk versamel en bewaar en in standhou soos en waar dit Hom behaag. Laat dit vir ons die belangrikste wees.

\*\*\*

In die verband wil die antichriste ons natuurlik op 'n ander manier voorgaan. Die wesentlik van die antichriste is om Christus skade te wil berokken, maar nou besef ons terdeë hierdie antichriste is nie noodwendig daar vêr van ons, direk teen ons opgestel nie. Hoe sê Johannes dit... *hulle het van ons uitgegaan, maar hulle is nie van ons nie...as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het...* Hier staan iets geweldig, ook vir hierdie Kerk wat baie keer so vasgekeer mag voel in die gewoel in wat rondom ons aan die gang is.

Ons het 'n toets wat ons in die Naam van die Here baie duidelik moet vaslê. Suiwerheid het met jou geloof, met jou vashou aan Christus te doen, beslis nie met hoe konserwatief, hoe

Pretoria- 3 Mei 2015

behoudend, hoe tradisievas ek kan wees nie. As dit oor hierdie laaste van dinge sou gaan dan sou die Fariseërs hulle kon beroem om werklik voorvegters en voor vatters in die ware leer en lewe te wees, terwyl ons weet uit die mond van Christus is daar baie meer vervloeking oor Fariseërs uitgespreek as seker oor enigiemand anders, alhoewel hulle voorgegee het, hulle is so behoudend, so konserwatief, so tradisievas, kerklik baie uitgesproke, maar pasop vir hulle! Die woord geld oor hulle baie duidelik... *hulle het van ons uitgegaan...* maar hoe duidelik sou Jesus dit oor hulle kon aantoon, *hulle was nie van ons nie*.

As ons dan vir mekaar sê in die ware Kerk gaan dit nie oor hoe konserwatief, hoe tradisievas, hoe behoudend ek voorgee om te wees nie, die ware Kerk dra net een kenmerk, BLY BY CHRISTUS, LAAT HY JOU VOORGAAN, VOLG SY VOETSPORE... Ja, in die voetspore van Christus, hulle wat by Christus bly, dit is hulle wat dan ook by ons wil bly. Daarom moet ons as Kerk se eerste en laaste opdrag wees, bly by Christus en daardeur word bepaal, die wat dan by jou bly, is ook hulle wat by Christus bly. Dit bring die implikasies van wat Johannes dan baie duidelik stel- ...*hulle was nie van ons nie* (m.a.w. ons wat in suiwerheid by Christus is)... *as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het...*

Dit bring ons by die laaste punt vandag:

### **Wat is jou en my keuse?**

Wie nie by Christus is nie, is anti-Christus, wat maak so iemand anders as hom/haar nie ook deel te sien van wat Johannes noem, *hier is ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is...* Daarom sluit dit maar weer aan by die groot sentrale vers in hierdie besondere brief- ONS WAT WEET DAT ONS UIT GOD IS... Wat maak dat jy dit weet?

Die vraag word dalk nog ongemakliker? Niemand dwing jou om nog hier te bly nie. Daar kan baie dinge wees wat mens laat wonder moet ek nie maar ook gaan nie. Ons weet hoe blootgestel ons is, soveel verwarring oor kerk-wees, soveel stryd, baie bittere stryd tussen dieselfde lede, hulle wat veronderstel is om net by Christus te wees, maar hulle wil weg?

Ons kan op dun gronde beweeg met baie vrae, maar geliefdes, die toets bly Christus en wat ons oor Hom bely en wat ons van Hom verwag. Is ek in wese by Hom, in Hom, of impliseer my optrede nie iets van teen Hom, iets wat anti-Hom is, die baie antichriste wat die laaste uur sy minute en sekondes gee nie. 'n Sekonde kan natuurlik in God se oë 'n dekade wees, soos ons weet een dag by God duisend jaar kan wees en duisend jaar soos een dag, wat maak dat

Pretoria- 3 Mei 2015

die laaste uur wel beslissende oomblikke is (*kairos* oomblikke), maar nie deur ons gemete oomblikke kan wees nie.

Tog wil ons glo dat u hier wil wees. Iets van 'n baie groter genade as wat in woorde gesê kan word... die wat nie van ons is nie, wel uit ons, hulle is wel die antichriste, want moet ons met vrymoedigheid dit tot op die einde saam met Johannes kan sê, as ons dit nie waarlik kan sê nie, dan kom ons in al hoe groter moeilikheid, soos wat die res van die hoofstuk ook wys... *hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.*

AMEN